Aandeelhouding van die Langwyde Werknemers Trust bemagtig 242 begustigdes

(Artikel: Diale Mokgojwa en Estelle Theron. Foto's: Christa Engelbrecht en Louna du Toit)

Die droom en leuse van Langrivier boerdery is: "Om in afhanklikheid van ons Skepper, entoesiasies, hoë gehalte, markgerigte produkte te verbou met mense wat die geleentheid het om hulle volle potensiaal te ontwikkel binne 'n goedbewaarde omgewing."

Bernhard du Toit (links) en Dr Mohammed Karaan (regs) by die aandeelbelegging

Langrivier Boerdery, wat die besigheidsonderneming van Bernhardt du Tiot is, het onlangs 'n besondere droom verwesenlik toe die werknemers wat in die Langwyde Werknemers Trust georganiseer is op 1 Oktober 2008 belê het in 33,3% van die totale Langrivier onderneming.

Die aandeelbelegging het tydens 'n spogseremonie op 2 Desember 2008 plaasgevind. Tydens hierdie geleentheid het Du Toit, wat ook vise-voorsitter van Aartappels Suid-Afrika is, gesê dat dit alleenlik groot drome is wat 'n mens in staat stel om die onmoontlike te bereik. Hy het gesê dat die bou van die nuwe pakstoor, wat bekend staan as 32 Degrees South, een van sy drome was, maar dat die ontwikkeling van die mense van die boerdery onderneming nog 'n groter droom vir hom is.

Langrivier Boerdery bestaan sedert 1979 en word tans op vier verskillende plase, naamlik Langrivier, Libertas, Waterryk en Wydekloof bedryf. Hierdie plase beslaan

Die gaste het die smaakvolle onthaal geniet en bestempel as "'n onvergeetlike ervaring"

Lawrence Yalwo en Corrie Ockhuissaam met Bernhardt du Toit (middel)

saam ongeveer 10 000 ha waarvan 500 ha onder besproeiing is. Verskeie vrugtesoorte en groentesoorte, insluitende aartappels word verbou en die fasilitiete is EurepGAP geakkrediteer.

Du Toit het gesê dat 'n mens nooit sal kan voorsien tot watter mate "iets wat ons vandag dink, sê of doen die lewens van honderde mense môre mag beïnvloed nie." Hy het verder beklemtoon dat dit sy persoonlike ideaal is om aan elkeen van die personeel "die geleentheid te gee om dit te word waarvoor hy geskape is" want elkeen het potensiaal; dit moet bloot ontwikkel word.

Minister Cobus Dowrey aan die woord

Daar is voor die aanvang van die aandeelbelegging gesellig saam verkeer

Johnny Slingers van die Departement van Grondsake in die Wes-Kaap was een van die sprekers tydens die geleentheid. Hier is hy afgeneem saam met sommige van die Trustees van Langwyde Werknemerstrust.

Bernhard du Toit het spesifieke idees rondom die bemagtiging van swart mense. Hy is oortuig dat dit nooit aangewend moet word as bemarkingsfoefie nie en nog minder moet dit gebruik word om finansiële voordeel daaruit te put.

Hierdie projek is tot dusver die grootste SEB transaksie in die Wes-Kaapse Landbou en beloop meer as R50 miljoen rand. Twee van die trustees, Corrie Ockhuis en Lawrence Yalwo getuig dat dit "transaksies soos hierdie is wat vertrouensverhoudinge tussen wit- en swart mense skep."